Breiwerk

Augustus 2024

Vanjaar het ons letterlik honderde van die mooiste breiwerk soos truitjies vir kleuters en laerskool kinders, baba kombersies, musse, serpe, handskoene en bedsokkies van ons gemeente se flukse breiers ontvang.

Dan was daar natuurlik al die pragtige gebreide diertjies wat groot aftrek by die Familieskuiling se kleintjies gekry het.

Elke gebreide item is met soveel sorg en liefde gemaak.

Ons kon op ‘n gereelde basis breiwerk aan Helderberg Uitreik se Nag- en Familieskuiling,
Vensel Dagsorgsentrum,
Sir Lowry’s pas,
en Pêrelprojek skenk.

Daar was so ‘n oorvloed dat ons ook skenkings aan
Thomas House of Hope
(wat ons hawelose mense bedien),
Seniorsorg,
asook die behoeftige gemeenskap van 7de Laan in Macassar kon maak.

Ons het vanjaar ervaar dat daar breiers is wat nie lidmate van ons gemeente is nie maar vriende in die gemeente het wat ook fluks gebrei het.

Schonenberg se Breiklub het twee groot sakke met truie ens. by die kerkkantoor afgelewer.

Susan van die Strand, wat nie n lidmaat van Omgeegemeente is nie, het ‘n paar weke gelede die kerf van 130 kindertruitjies vir die jaar verbygesteek.

Dit wil gedoen wees!!

Baie dankie ook aan almal wat wol geskenk het!

BAIE DANKIE!!

130 Truitjies in ongeveer 12 maande! Wat n merkwaardige prestasie!
Baie dankie aan Susan Spies van n gemeente in die Strand vir hierdie wonderlike liefdesgebaar.
So werk ons oor grense heen saam om n verskil in n stukkende wêreld te maak.
Dit was n heerlike voorreg om Susan en Theresa Prinsloo, wat ook fluks truitjies brei, saam te nooi Familieskuiling toe om self die babas (3 maande tot ongeveer 3 jaar) te ontmoet en hulle truitjies aan te trek. Die kleintjies wat afwesig was as gevolg van ongesteldheid of besoek aan die kliniek het ook hul truitjies ontvang. Ons kon ook vir elkeen n warm mussie skenk.

Daar is reeds soveel truitjies by die kerkkantoor afgelewer dat ons ook daarvan vir Vensel Daycare in Nozamo kon skenk. Baie dankie vir al die flukse breiers van die gemeente, ook vir die pragtige mussies wat steeds in groot getalle inkom.

Annemarié Hollenbach (2 Mei 2024)